



REITZ
LANDBOU AKADEMIE



reitzlandbouakademie.co.za



BEWARINGS-LANDBOU KORTKURSUS-REEKS

Die kortkursus bied 'n grondslag vir verdere studies in 'n meer gespesialiseerde gebied van bewaringslandbou en bestaan uit vier aanlyn modules en 'n praktiese ervaringsweek in Reitz, Vrystaat.

Module 1:

Inleiding tot Bewaringslandbou

Kostes: R3 900 (BTW uitgesluit)

Module 2:

Landbou-ekosisteme, biodiversiteit, grondgesondheid en klimaatsverandering

Kostes: R3 900 (BTW uitgesluit)

Module 3:

Bewaringslandboupraktjke en -tegnologie

Kostes: R3 900 (BTW uitgesluit)

Module 4:

Presisieboerdery — Integrasie en Besigheidsbestuur

Kostes: R3 900 (BTW uitgesluit)

Eksperimentele week opsie 1:

Koshuisverblyf, etes en vervoer na lokale ingesluit.

Kostes: R14 500 p.p.

Eksperimentele week opsie 2:

Etes & vervoer na lokale ingesluit.

Kostes: R12 500 p.p.

Vir enige navrae of meer inligting oor die kursusse kontak:

In samewerking met



Sumare Müller:

076 511 6622 | e-pos: info@reitzlandbouakademie.co.za



BEWARINGSLANDBOU KORTKURSUS-REEKS

Module 1:

Inleiding tot Bewaringslandbou (aanlyn module)

- Hierdie module fokus op die grondliggende beginsels van bewaringslandbou (BL) en verduidelik hoe dit van konvensionele landboupraktyke verskil.
- Die impak van landbou-aktiwiteite op biodiversiteit en natuurlike hulpbronne word deeglik bespreek.
- BL se potensiaal as 'n alternatiewe landbouproduksiestelsel word ondersoek met die doel om uitdagings en tekortkominge wat in konvensionele landbou voorkom, aan te spreek.
- Verskeie voorbeelde van BL-praktyke word aangebied en kortliks toegelig.

Module 2:

Landbou-ekosisteme, biodiversiteit, grondgesondheid en klimaatsverandering (aanlyn module)

- Die konsep van landbou-ekosisteme en die belangrikheid van biodiversiteit in landbou-ekosisteme word breedvoerig verduidelik.
- Die belangrikheid en rol van landbou-ekosisteme word beklemtoon.
- 'n Studie oor monitoringstegnieke vir landbou-ekosisteme en aanwysers van biodiversiteit van sulke landbou-ekosisteme word ingesluit.
- Klimaatsveranderinge en die effek van landbou op klimaatsveranderinge word behandel, asook die risiko's van klimaatsverandering in verskillende biome van Suid-Afrika. 'n Opsomming van risiko's van klimaatsverandering in die verskillende biome van Suid-Afrika word aangebied.

Module 3:

Bewaringslandboupraktyke, vernuwings en -tegnologie (aanlyn module)

- Teoretiese agtergrond m.b.t. praktyk, tegnologie, gereedskap en toerusting word verskaf om die suksesvolle toepassing van BL te ondersteun.
- Die waarde van geïntegreerde beplanning in die doeltreffende implementering van BL word deeglik uiteengesit.
- Omvattende oorsig van die gereedskap en toerusting wat in BL gebruik word, word aangebied.
- Die rol en belangrikheid van gewasrotasie en dekgewasse as kernkomponent van BL word beklemtoon.
- Verder word gewas- en vee-integrasie, sowel as die integrasie van plaagbeheer en die bestuur van grondvrugbaarheid binne die BL-raamwerk, uitgelig.
- Verder behandel hierdie module ook die doeltreffende gebruik van water op die plaas.

Module 4:

Presisieboerdery — integrasie en besigheidsbestuur (aanlyn module)

- In hierdie module word BL as 'n finansiële lewensvatbare landbou-onderneming uiteengesit. Die winsgewendheid van BL word krities vergelyk met die van konvensionele landboupraktyke.
- Gewasproduksie, arbeidsproduktiwiteit en die algehele impak van BL op voedselsekerheid word omvattend bespreek. Daar word voorts aandag gegee aan grond- en waterbewaring, met die fokus op die bevordering van doeltreffendheid en algehele produktiwiteit op plaasvlak.
- Die ontwikkeling van BL as 'n besigheidsmodel, asook strategieë vir die bevordering en bemerking van BL-praktyke, word behandel.
- Verder word verskeie groen-energie-opsies ondersoek en geëvalueer om volhoubare en kostedoeltreffende toepassing in landbou-omgewings moontlik te maak.